higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

ENTREPRENEURSKAP EN ONDERNEMINGSBESTUUR N4

(Eerste vraestel)

(4090304)

10 November 2022 (X-vraestel)
09:00–09:30

TOEBOEKEKSAMEN

Hierdie vraestel bestaan uit 4 bladsye en ‘n antwoordblad van 2 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
ENTREPRENEURSKAP EN ONDERNEMINGSBESTUUR N4
(Eerste vraestel)
TYD: 30 MINUTE
PUNTE: 50

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings deur slegs die term langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.7) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.1.1 Die kreatiwiteitsmetode wat vir jou ‘n prentjie van ‘n groep idees gee, wat jy in meer besonderhede kan ondersoek sonder om jou sentrale idee te verloor.

1.1.2 Die punt waarteen die totale besteding van die onderneming gelyk aan die totale inkomste is.

1.1.3 Uitgawes wat maand na maand dieselfde bly.

1.1.4 Die finansiële staat wat ‘n opsomming bied van die inkomste en die uitgawes wat deur die onderneming gegenereer word.

1.1.5 Produkte wat gekoop word eers nadat klante ‘n verskeidenheid soortgelyke en mededingende produkte vergelyk het.

1.1.6 Die foto’s van bekende persoonlikhede word op die verpakking gedruk.

1.1.7 Die mees algemene instrument om primêre data in te win.

(7 × 2) (14)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.2.1 Ekonomiese faktore kan jou verkoopscenario’s beinvloed.

1.2.2 ‘n Privaat maatskappy het onbeperkte aanspreeklikhede.

1.2.3 ‘n Slagspreuk is ‘n slim frase of sin wat iets goeds oor ‘n produk, diens of onderneming sê.

1.2.4 Aan die einde van die huurtermyn kan jy die toerusting teruggee vir die onderneming wat dit aan jou verhuur het.

1.2.5 Die idee met die onewe-prysbepalingstegniek is om vinnig aanvaarding in die mark te kry.

1.2.6 Die vergoedingsbeleid is ‘n component van bemarking.

1.2.7 Eienskapsontleding is ‘n voorbeeld van kreatiwiteitsmetode.

1.2.8 Die idee met die afromingsprysbepalingstegniek is om vinnig aanvaarding in die mark te kry.

1.2.9 Die Departement van Handel en Nywerheid is ‘n bron van inligting wanneer ‘n sakeplan opgestel word.

1.2.10 ‘n Bankoortrekking is die gewildste tipe langtermynfinansiering.

(10 × 2) (20)
[34]

VRAAG 2

“Klein, medium en mikro-ondernemings (KMMO’s) verteenwoordig ‘n belangrike instrument om die swak ekonomiese situasie in Suid-Afrika te verbeter. Ons benodig eenvoudig meer entrepreneurs om ons ekonomiese toestande te verbeter.”

2.1 Waarom is entrepreneurs belangrik in ons ekonomie? Gee VIER redes. (8)

2.2 Wat is ‘n entrepreneur? Definieer die term. (4)

2.3 Noem TWEE tipes mediumtermynfinansiering. (4)
[16]

TOTAAL: 50

Kopiereg voorbehou

ANTWOORDBLAD **EKSAMENNOMMER:** | | | | | | | | | | | | | |

VRAAG 1

1.1 1.1.1
1.1.2
1.1.3
1.1.4
1.1.5
1.1.6
1.1.7

(7 × 2) (14)

1.2 1.2.1
1.2.2
1.2.3
1.2.4
1.2.5
1.2.6
1.2.7
1.2.8
1.2.9
1.2.10

(10 × 2) (20)

[34]

VRAAG 2

2.1 (8)

2.2 (4)

2.3 _____

_____

_____

_____ (4)

[16]

TOTAAL: 50

Kopiereg voorbehou